KWARTAAL 1

# NUUSBRIEF

HOËRSKOOL MONTAGU

## KENNIS KARAKTER TROTS

*Kwaliteit Onderrig en Leer*

023 614 1390

www.hsmontagu.co.za

mhsadmin@barvallei.co.za

# ____UIT DIE KANTOOR____

Die nuwe jaar en die eerste kwartaal het gevlieg en dit is vir my aangenaam om u terug te verwelkom na die skoolvakansie. Ek glo dit was 'n tyd waarin ouer / voog en kind na die besige 2025 mekaar weer in die oë kon kyk en familiebande kon verstewig.
'n Spesiale woord van verwelkoming aan al ons nuwe ouers, voogde en leerders in Montieland. Ons vertrou dat u verbintenis met ons skool aangenaam sal wees vir u as ouer / voog, onderwyser en vir ons leerders 'n plek van ongelooflike groei en ontwikkeling.
Raak asb. betrokke en onthou: 'n betrokke Montie, is 'n gelukkige Montie.
Baie hartlik welkom!

**Epic**

**HOËRSKOOL MONTAGU TROTS OM GASHEERSKOOL VIR DIE CAPE EPIC TE WEES.**

Hoërskool Montagu het onlangs die voorreg gehad om as gasheerskool vir die wêreldbekende bergfietsren, die Cape Epic, op te tree. Hierdie internasionale sportgeleentheid bring deelnemers en ondersteuners van regoor die wêreld na ons streek en bied 'n besondere geleentheid om Montagu en ons skool aan 'n wêreldwye gehoor bekend te stel.
Die aanbieding van so 'n groot geleentheid by die skool het nie net opwinding en energie na ons skool gebring nie, maar het ook waardevolle blootstelling vir die skool en die breër gemeenskap geskep. Plaaslike besighede, toerisme en die dorp as geheel het voordeel getrek uit die besoek van talle deelnemers, ondersteuners en organiseerders.

# _____UIT DIE KANTOOR_____

Ons is baie trots daarop dat Hoërskool Montagu 'n rol kon speel in die suksesvolle aanbieding van hierdie wêreldklasbyeenkoms. Die terugvoer van organiseerders en besoekers was uiters positief, en dit bevestig weer dat ons skool en gemeenskap oor die vermoë beskik om groot geleenthede professioneel aan te bied.
Ons besef egter dat die voorbereidings en logistiek rondom die geleentheid sekere ontwrigting vir die skoolroetine veroorsaak het. Ons wil daarom ons opregte dank uitspreek aan ouers, voogde, leerders en personeel vir hul begrip, samewerking en geduld gedurende hierdie tyd.
Baie dankie ook aan almal wat op enige wyse bygedra het tot die sukses van die geleentheid. Saam het ons weer gewys dat Hoërskool Montagu en die Montagu-gemeenskap trots kan wees op wat ons saam kan bereik.

**MATRIEKUITSLAE 2025 - 7 A's!**

Ons is voorwaar baie trots op die Matriekklas van 2025!
Ons matrieks van 2025 lewer 7 leerders met `'n gemiddelde A-simbool en 13 leerders met gemiddelde B-simbole.
Verder behaal hulle ook die pragtige prestasie deur 'n 99% slaagsyfer te behaal!
Wat die uitslae van 2025 verder besonders maak, is die feit dat dié klas 63 vakgemiddelde A-simbole verwerf. 'n Uitstekende prestasie om op trots te wees!
Baie geluk aan die Matriekklas van 2025! Julle uitslae is puik en ons is baie trots op elkeen van julle! Julle het bewys dat niks 'n Montie kan onder kry nie!

# ____UIT DIE KANTOOR____

**Ons top 10 kandidate is soos volg:**

| | | | **Gemiddeld** |
|---|---|---|---|
| 1. | Jomar Hanekom | (6 Onderskeidings) | 86,9% |
| 2. | Kezia Malgas | (6 Onderskeidings) | 84,9% |
| 3. | John Hattingh | (7 Onderskeidings) | 84,6% |
| 3. | Siyambonga Lirafu | (5 Onderskeidings) | 82,3% |
| 5. | Mikayla Theron | (5 Onderskeidings) | 81,3% |
| 6. | Tasneem Jansen | (4 Onderskeidings) | 80,7% |
| 7. | Lieschen Joka | (3 Onderskeidings) | 80,6% |
| 8. | Richard Knipe | (4 Onderskeidings) | 78,7% |
| 9. | Joney Booysen | (5 Onderskeidings) | 78,6% |
| 10. | Sias Meyer | (3 Onderskeidings) | 77,9% |

Baie dankie aan ons toegewyde personeel en Beheerliggaam vir al die ekstra tyd, energie en liefde vir ons leerders. Baie geluk aan elke ouer/voog met u kind se pragtige uitslae.
U het rede om trots te wees!

**Toelating: Graad 8 leerders 2027**

Toelating van nuwe gr. 8 leerders vir 2027 open op 10 Maart 2026 en sluit op 14 April 2026. Dit is belangrik om daarop te let dat daar slegs 'n beperkte aantal plekke beskikbaar is in graad 8.

Volledige aansoeke met al die nodige dokumente wat binne die sperdatum gemaak is, geniet voorkeur. Maak asb. seker u laai aanlyn die jongste skoolrapport van u kind, u kind se geboortesertifikaat en bewys van u adres/ verblyf op die stelsel.

# ____UIT DIE KANTOOR____

Indien u bewus is van graad 7 leerders wat vir 2026 in graad 8 wil aansoek doen by ons skool, moet u hulle asseblief aanmoedig om dit betyds te doen. Plekke is beperk! Kontak die skool of maak 'n gerus 'n afspraak met die sekretaresse, mev. Beets vir meer inligting, vrae of insette. Maak gerus 'n afspraak met me. Alethea Banda by die skool as u hulp nodig het met die aanlyn-aansoekproses. Ons deure staan oop vir u en u kind en ons help graag.

**Hoe doen ouers/ voogde aansoek?**

Skep 'n aanlyn-profiel en voltooi die aanlyn-aansoekvorm. Slegs aanlyn-aansoeke word deur die WKOD toegelaat. Doen asb. betyds vanaf 10 Maart 2026 aanlyn aansoek by:

***wcedonline.westerncape.gov.za***

Maak gereed vir die 2026-skooljaar. Kies die skool waar u kind gelukkig gaan wees.

Hoërskool Montagu — die skool in die platteland, vir die platteland!

*Moenie uitmis nie!*

**Leerdergetalle:**

Ons leerdertal vir 2026 het gegroei.

Die getalle in die onderskeie grade is as volg:

Graad 12 – 101
Graad 11 – 140
Graad 10 – 120
Graad 09 – 116
Graad 08 – 113

**Totaal: 590**

# _____UIT DIE KANTOOR_____

**Skoolgelde**

Die skool is 'n Kwintiel 4, artikel 21, skoolgeld betalende skool, daarom is die betaling van skoolgelde noodsaaklik en volgens wetgewing verpligtend. Die skool se finansies word bestuur volgens 'n goedgekeurde begroting en die finansiële posisie van die skool is gesond, daarom kan die skool 'n volledige opvoedkundige program aan die leerders bied.

Namens die Beheerliggaam wil ek die volgende reëlings aan u deurgee:
Daar bestaan geen departementele subsidies vir skoolgelde nie. Ouerhuise kon op die toepaslike aansoekvorm aansoek doen om gedeeltelike vrystelling van skoolgelde. Ouers bly verantwoordelik vir die volle skoolgelde, totdat 'n volledig voltooide aansoekvorm by die skool ingehandig is.
Maandelikse paaiemente is betaalbaar vanaf Januarie tot November 2026. Vanaf die einde van Februarie word daar maandeliks 'n skoolfondsrekening uitgestuur. Die bedrag verskuldig vir die volle jaar sal op die rekening verskyn, asook die uitstaande bedrag wat onmiddellik betaalbaar is.
Alle skoolgelde word by die sekretaresse inbetaal.
Alle navrae in verband met skoolgeldrekeninge word deur die skool se nuutaangestelde finansiële beampte, mev. Esta Southey hanteer (Maandae tot Vrydae 07:30-14:00).

# _____UIT DIE KANTOOR_____

**Gedragskode (Skoolreëls) vir Leerders**

Die gedragskode vir 2026 is aan die begin van die jaar met elke leerder in die skool behandel en elkeen het 'n afskrif daarvan ontvang. Daar word van die onderwyspersoneel en leerlingleiers verwag om die gedragskode toe te pas en afwykings dadelik aan te spreek. Oor die algemeen kom die groter meerderheid van ons leerders die gedragskode nougeset na.

Ongelukkig is daar altyd leerders wat sukkel om binne 'n stelsel te werk om instruksies of voorskrifte na te kom. Ek wil 'n beroep op ouers doen om toe te sien dat hulle kinders se skool- en sportdrag te alle tye korrek is en dat dit duidelik gemerk is. Kledingstukke wat verlê word se eienaars kan meestal nie opgespoor word nie en gaar dan by die sekretaresse op. Ons verwag dat ons leerders daagliks reg geklee en gehoorsaam is aan die riglyne, soos vervat in die gedragskode van die skool.

**Skoolbywoning**

Die skoolbywoning van ons leerders is baie goed.Baie dankie vir u samewerking in dié verband. Ons vra dat u asseblief sal skakel, indien u kind nie die betrokke dag skool kan bywoon nie.Op die dag wat u kind terugkeer skool toe, moet hy/sy `'n briefie van u of van die dokter inhandig. Tydens eksamens sal slegs doktersbriewe aanvaar word.

**Totsiens**

Dis met 'n swaar hart dat ons aan die einde van dié kwartaal moet afskeid neem van ‘n groot staatmaker op ons administratiewe personeel, mev. Liezl Lewis (finansiële beampte en nie-opvoeder SBL-lid).

Mev. Lewis was vir 15 jaar verbonde aan die skool en het die skool se finansies met 'n deeglike en kundige hand bestuur. Haar vriendelikheid, rustigheid, finansiële kennis en akkuraatheid is kenmerkende eienskappe wat ons beslis sal mis. Ons wens haar alle sterkte toe met haar nuwe loopbaanrigting.

Ons nuwe finansiële beampte, mev. Esta Southey sluit die 15de April in volgende kwartaal by ons aan en ons verwelkom haar graag in Montieland.

# _____UIT DIE KANTOOR_____

**Skoolbeheerliggaam tussenverkiesing**
Tydens Maart 2026 het die Beheerliggaam tussenverkiesings plaasgevind vir een vakante ouer-portefeulje. Ons proses is bestuur deur mnr. Nigel Adams van W.P. Theys Primêre skool wat opgetree het as die Skoolverkiesingsbeampte.

Ons wil alle kandidate wat bereid was om te staan bedank.
Die kandidate wat gestaan het was werklik van hoogstaande gehalte met elkeen wat 'n groot bydrae tot die Beheerliggaam kan lewer.

Graag wens ons die volgende nuutverkose ouer geluk met haar verkiesing tot die Beheerliggaam:
**Ouerlid: Mev. Adelé Joubert**

**Die Beheerliggaam se ampsdraers vir 2026 is as volg:**

**Voorsitster:** Mev. Mariek Dettbarn
**Ondervoorsitter:** Mnr. Niël Joubert
**Tesourier:** Mnr. Philippie Olivier
**Sekretaresse:** Mev. Janine Beukes
**Ouerlede:** Mnr. Peter Strydom
Mnr. Deon Büre
Mev. Megan O'Shea
Mev. Adelé Joubert

**Skoolhoof:** Mnr. Johan Benadie
**Opvoederlede:** Mev. Janine Beukes en mev. Lindi Ferreira
**Nie-Opvoederlid:** Vakant
**Leerderlede:** Janae le Roux en Sergio Burger

Baie dankie vir u bereidwilligheid om die skool en gemeenskap te dien. Baie sterkte vir die termyn en mag dit `'n wonderlike ervaring vir elkeen wees.

Baie dankie aan elke ouer/voog wat die belange van die skool op die hart dra en die skool en die personeel ondersteun. U kan verseker weet dit word opreg waardeer.

Die skool wil u ook uitnooi om betrokke te raak en u hulp aan te bied. Daar is baie terreine waar ouers/voogde betrokke kan wees en net soos die leerders, is betrokke ouers/ voogde, gelukkige ouers/ voogde.

# _____UIT DIE KANTOOR_____

**Afsprake met onderwysers en besoeke aan die skool**

Soos in die verlede, is u meer as welkom om, enige saak rakende u kind met die onderwysers, graadhoofde en/of die hoof te kom bespreek tydens skoolure. Ons versoek u egter om dit asseblief per afspraak te doen, sodat daar koördinasie kan plaasvind en nie onnodige tyd verlore sal gaan nie. Kontak asb. die kantoor om vooraf 'n afspraak te maak. Wanneer u 'n besoek by die skool aflê, versoek ons u ook vriendelik om te alle tye eers by die ontvangs aan te meld.

**Ter wille van koördinasie gee ons die volgende reëlings aan u deur.**

- **Akademiese probleme:** Afspraak met betrokke onderwyser(s) en/of die betrokke graadhoof.
- **Leerderondersteuning:** Afspraak met betrokke graadhoof en/ of mev. Kriel (hoof van leerdersondersteuning).
- **Gedragsprobleme van leerders:** Afspraak met betrokke onderwyser(s) en/of die betrokke graadhoofde en/ of mnr. Booysen (seuns netheid) of mev. Beukes (dogters netheid).
- Ernstige gevalle word verwys na ons hoof van dissipline, mnr. Prins.
- **Sport- en Kultuurprobleme:** Afspraak met betrokke afrigter(s) van u kind(ers) en/ of mnr. Roos (Sport) en mev. Ferreira (Kultuur)
- **Bemarking / Advertensies / Borgskappe:** Afspraak met mev. Van Brouwershaven (hoof van bemarking) en/ of mev. Lewis vir advertensieborde.
- **Geboue, Terrein en Veiligheid:** Afspraak met mnr. Prins.
- **Bespreking van skoolfasiliteite:** (Sportterrein, saal, klubhuis ens.) Skakel asseblief mev. Beets in die kantoor. Gebruik van klubhuis en reëlings: Kontak mev. Joubert.
- **Finansiële navrae/ reëlings/ uitstaande skoolgelde:** Afspraak met mev. Lewis.
- **Afwesigheid, Leerder navrae en Toelatings:** Kontak mev. Beets.
- **SBL- en Onderwyser/ Skoolsake:** Afspraak met mnr. Benadie (Skoolhoof).
- **Koshuisnavrae:** Kontak ons koshuisouers: mev. Van Aarde of mnr. Van Brouwershaven.

Let Wel: Hierdie afsprake met spesifieke persone by die skool, is ons amptelike kommunikasiekanaal. Moet asb. geen kommentaar of boodskappe op sosiale media stuur nie, maak gerus 'n afspraak om die aangeleentheid in persoon by die skool met die regte persoon te kom bespreek. Ons versoek u weereens vriendelik om te alle tye eers die kantoor tydens skoolure te kontak vir 'n afspraak en by die ontvangstoonbank aan te meld met u skoolbesoek. By voorbaat baie dankie hiervoor.

# _____UIT DIE KANTOOR_____

**Die gevare van damprook (vaping) onder tieners**
Die gebruik van damprook, ook bekend as vaping, het die afgelope paar jaar vinnig onder jongmense toegeneem. Baie leerders glo dat damprook minder skadelik as sigarette is, maar navorsing toon dat dit steeds ernstige gesondheidsrisiko's inhou.

Die meeste damptoestelle bevat **nikotien**, 'n hoogs verslawende stof wat die ontwikkeling van die tienerbrein kan beïnvloed. Nikotien kan konsentrasie, geheue en leervermoë benadeel en maak dit ook makliker vir jongmense om later ander verslawende middels te gebruik.

Verder bevat die vloeistowwe wat in damptoestelle gebruik word verskeie **chemikalieë en geurmiddels** wat skadelik vir die longe kan wees. Gereelde damprook kan lei tot asemhalingsprobleme, hoes en longirritasie. In sommige gevalle is ernstige longsiektes ook reeds met vaping verbind.

Nog 'n bekommernis is dat damprook dikwels as "onskuldig" of modieus bemark word, wat jongmense kan mislei om dit te probeer. Baie van die toestelle lyk ook soos penne of geheuestokkies, wat dit maklik maak om by die skool te probeer wegsteek.

Hoërskool Montagu moedig alle leerders aan om **gesonde keuses** te maak en om bewus te wees van die risiko's wat met damprook gepaard gaan. Indien 'n leerder druk ervaar om te begin damprook, is dit belangrik om ondersteuning by ouers, voogde, onderwysers of die skool se ondersteuningspersoneel te soek.

**Onthou:** Jou gesondheid en toekoms is kosbaar – kies 'n leefstyl wat jou liggaam beskerm.

# _____UIT DIE KANTOOR_____

**Ten slotte**

**Wees 'n Montie met KKT: Kennis, Karakter en Trots!**

“What does it take to be a champion Montie? Knowledge, character, pride, respect, desire, dedication, hard work, determination, effort and the will to be successful!”

Mag 2026 vir jou 'n wenjaar in Hoërskool Montagu wees. “Werk hard vir kennis, bou aan jou karakter en wees trots op jouself en ons skool”

Seënwense vir 'n heerlike vakansie, indien u weg gaan, reis asb. veilig. Baie dankie vir u groot omgee-harte vir ons skool, al u harde werk en ondersteuning.



Vriendelike groete.

MNR. J. T. BENADIE
**SKOOLHOOF**

# ___20 TOP PRESTEERDERS___

## GRAAD 8

| | |
|---|---|
| Cody | Adendorf |
| Eryl | Appolis |
| Avenathi | Bhozo |
| Petronella | Burger |
| Liane | De Beer |
| Hereetha | De Koker |
| Junuel | De Koker |
| Sune | Esterhuyse |
| Davonay | Geduld |
| Marse | Hendricks |
| Shiree | Jaftha |
| Charlissa | Jordaan |
| Alaina | Meyer |
| Martin | Nel |
| Magdalena | Sesiang |
| Jacques | Visagie |
| Hugo | Voges |
| Ruve | Williams |

**Slegs leerders met 'n gemiddeld bo 70%.**

# ___20 TOP PRESTEERDERS___

## GRAAD 9

| | |
|---|---|
| Adri | Bothma |
| Jocelyn | Conradie |
| Tamar | Hendricks |
| Pearl | Jaftha |
| Mishca | January |
| Rojean | Marais |
| Marqueth-Lee | Marthinus |
| Owentando | Ngabaza |
| Shjar-Moné | Swanepoel |
| Christian | Voges |

**Slegs leerders met 'n gemiddeld bo 70%.**

# ___20 TOP PRESTEERDERS___

## GRAAD 10

| | |
|---|---|
| Jamie-Lee | Andriese |
| Ariane | Brinkhuys |
| Lodewyk | Beukes |
| Hailey | Booysen |
| Meone | Bure |
| Ruan | Cloete |
| Corlea | De Koker |
| Carla | Dettbarn |
| Denisia | Domingos |
| Ridduwan | Herdien |
| Aneischa | Jakobs |
| Lienka | Joubert |
| Kayla | Kotze |
| Ané | Nomdo |
| Mckaelah | Olivier |
| Aneisha | Philander |
| Lee-Hayden | Plaatjies |
| Amorey | Potgieter |
| Zack | Roos |
| Hannli | Volschenk |

**Slegs leerders met 'n gemiddeld bo 70%.**

# ___20 TOP PRESTEERDERS___

## GRAAD 11

| | |
|---|---|
| Verlin | Adams |
| Anzelle | Albanie |
| Erin | Banda |
| Jason | Bezuidenhout |
| Anél | De Bruyn |
| Tyricha | De Wee |
| Mia | Ellis |
| Gersh-Lynn | Fisher |
| Isabelle | Hahndiek |
| Jaime | Johnson |
| Stella | Meyer |
| DJ | Minnaar |
| Henko | Nel |
| Miné | Olivier |
| Revean | Segelaar |
| Courtney | Toorn |
| Lizca | van Aarde |
| Adriana | Visagie |

**Slegs leerders met 'n gemiddeld bo 70%.**

# ___20 TOP PRESTEERDERS___

## GRAAD 12

| | |
|---|---|
| Kurtwin | Antonie |
| Jacobus | Beukes |
| Sergio | Burger |
| Mia | Dettbarn |
| Tsenré | Ernest |
| Joël | Gordon |
| Peter | Hattingh |
| Thamson | Jansen |
| Janae | le Roux |
| Conli | Maake |
| Nina | Malherbe |
| Ruby-Rose | O'Shea |
| Emma | Olivier |
| Mieke | Olivier |
| Tashley | Skippers |
| Kerishnie | Snyman |
| Tasneem | Steyn |
| Keisha-Lee | Strydom |
| Jadelyn | van Wyk |
| Dirk | von Wielligh |

**Slegs leerders met 'n gemiddeld bo 70%.**

# ___BELANGRIKE DATUMS___

## KWARTAAL 2

APRIL

| | |
|---|---|
| 8 Woensdag | **SKOOL HEROPEN PERSONEEL 08:00**<br>Aktiwiteitsperiode 13:15 - 14:45 |
| 9 Donderdag | Mnr. + Mej. Uitdunne |
| 10 Vrydag | |
| 11 Saterdag | **SPORTDAG:** Robertson (W) |
| 13 Maandag | **Top 20 Aand - 18:00**<br>Netheidsinspeksie |
| 14 Dinsdag | **Ouergesprekke 16:30 - 18:30**<br>Toelatings 2027 sluit |
| 15 Woensdag | **SPORTDAG:** Langeberg (T) |
| 16 Donderdag | |
| 17 Vrydag | Landsdiens Civviedag |
| 18 Saterdag | **SPORTDAG:** Oudtshoorn (W) |
| 20 Maandag | |
| 21 Dinsdag | |
| 22 Woensdag | **SPORTDAG:** Bonnievale (W) |
| 23 Donderdag | Jnr + Snr Public Speaking |
| 24 Vrydag | **SPORTDAG:** Rhino SPORTDAG Swellendam (W) |
| 25 Saterdag | LANGNAWEEK |
| 27 Maandag | **VAKANSIEDAG:** Vryheidsdag |
| 28 Dinsdag | |
| 29 Woensdag | **SPORTDAG:** JGT (W) |
| 30 Donderdag | **NETBAL:** HTS Drostdy |

# MEI

| | |
|---|---|
| 1 Vrydag | **VAKANSIEDAG:** Werkersdag<br>**NETBAL:** HTS Drostdy |
| 2 Saterdag | LANGNAWEEK<br>**NETBAL:** HTS Drostdy |
| 4 Maandag | Volle Wintersdrag |
| 5 Dinsdag | |
| 6 Woensdag | **SPORTDAG:** Barrydale (T) |
| 7 Donderdag | Jnr. + Snr. Public Speaking |
| 8 Vrydag | |
| 9 Saterdag | **SPORTDAG:** Labori (T) |
| 11 Maandag | |
| 12 Dinsdag | |
| 13 Woensdag | **SPORTDAG:** Swellendam Sek. (W) |
| 14 Donderdag | **HEMELVAART - GEEN SKOOL**<br>*(HSM Skoolvakansiedag)* |
| 15 Vrydag | |
| 16 Saterdag | **SPORTDAG:** Montana (T) |
| 18 Maandag | **FOTODAG** - Klas & Individueel (Skoolklere)<br>Jnr. + Snr. English - Spelling Bee 16:00 |
| 19 Dinsdag | |
| 20 Woensdag | |
| 21 Donderdag | |
| 22 Vrydag | Snr. VRL Civviedag |
| 23 Saterdag | **SPORTDAG:** Punt (T) |
| 25 Maandag | |
| 26 Dinsdag | |
| 27 Woensdag | **Gr.10 - 12 Praktiese Eksamens begin** |
| 28 Donderdag | |
| 29 Vrydag | |
| 30 Saterdag | **SPORTDAG:** Swellendam (W) |

# JUNIE

| | |
|---|---|
| 1 Maandag | **Gr.10 - 12 Eksamen Begin**<br>Skooltye: 08:00 - 13:00 |
| 2 Dinsdag | |
| 3 Woensdag | |
| 4 Donderdag | |
| 5 Vrydag | |
| 6 Saterdag | |
| 8 Maandag | **Gr.8 - 9 Eksamen Begin** |
| 9 Dinsdag | |
| 10 Woensdag | |
| 11 Donderdag | |
| 12 Vrydag | |
| 13 Saterdag | |
| 15 Maandag | **VAKANSIEDAG** |
| 16 Dinsdag | **VAKANSIEDAG:** Jeugdag |
| 17 Woensdag | |
| 18 Donderdag | |
| 19 Vrydag | **Gr.8 - 12 Eksamen Eindig** |
| 20 Saterdag | |
| 22 Maandag | |
| 23 Dinsdag | **PLATINUMBAL 18:30** |
| 24 Woensdag | **MNR. + MEJ. HSM**<br>Gr.9 Aanlegtoetse |
| 25 Donderdag | Gr.9 Aanlegtoetse |
| 26 Vrydag | **SKOOL SLUIT**<br>**Algemene Kennis Toets** |

# Geniet die vakansie en kom veilig terug!

H.S. MONTAGU

NISI - DOMINUS - FRUSTRA

*Montie Groete*